Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# TOERISME

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.
3. Begin ELKE VRAAG op ŉ NUWE bladsy.
4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. In VRAAG 3.2, 3.3 en 3.4, rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
6 Toon ALLE berekeninge.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die volgende tabel is ŉ gids om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling toe te ken.

<table>
<tr><th>AFDELING</th><th>VRAAG</th><th>ONDERWERP</th><th>PUNTE</th><th>TYD</th></tr>
<tr><td>A</td><td>1</td><td>Kortvrae</td><td>40 punte</td><td>20 minute</td></tr>
<tr><td rowspan="2">B</td><td>2</td><td>Kaartwerk en Toerbeplanning</td><td rowspan="2">50 punte</td><td rowspan="2">50 minute</td></tr>
<tr><td>3</td><td>Buitelandse Valuta</td></tr>
<tr><td rowspan="3">C</td><td>4</td><td>Toerisme Besienswaardighede</td><td rowspan="3">50 punte</td><td rowspan="3">50 minute</td></tr>
<tr><td>5</td><td>Kultuur- en Erfenis Toerisme</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Bemarking</td></tr>
<tr><td rowspan="2">D</td><td>7</td><td>Toerisme Sektore</td><td rowspan="2">30 punte</td><td rowspan="2">30 minute</td></tr>
<tr><td>8</td><td>Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme</td></tr>
<tr><td rowspan="2">E</td><td>9</td><td>Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme</td><td rowspan="2">30 punte</td><td rowspan="2">30 minute</td></tr>
<tr><td>10</td><td>Kommunikasie en Kliëntediens</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td>TOTAAL:</td><td>200</td><td>180</td></tr>
</table>

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld, 1.1.21 A.

1.1.1 ʼn Gesondheidsertifikaat verskaf bewys dat die draer ingeënt is teen siektes soos:

A Vlugvoosheid
B MIV
C Bilharzia
D Geelkoors

1.1.2 Die Olimpiese Winterspele van 2022 is van 4 tot 20 Februarie 2022 in … gehou.

A Melbourne, Australië
B Georgia, VSA
C Beijing, Sjina
D Montigny-le-Bretonneux, Frankryk

1.1.3 ʼn Transitovisum …

A laat die draer toe om per trein deur ʼn aantal lande te reis.
B laat die draer toe om deur ʼn land te gaan op pad na sy/haar eindbestemming.
C laat die draer toe om besigheid te doen in die land wat besoek word.
D laat die draer toe om vir 14 dae in die land wat besoek word te bly.

1.1.4 Die wydverspreide plundering van winkels en besighede in die provinsies KwaZulu-Natal (KZN) en Gauteng gedurende die tydperk 9 tot 17 Julie 2021 word as … geklassifiseer.

A ʼn resessie
B ʼn burgeroorlog
C algemene onrus
D ʼn onvoorsiene gebeurtenis

1.1.5 ʼn Betalingsvorm wat gebruik word om fondse elektronies van een rekening na ʼn ander oor te dra.

A EFO
B Reisbeursie (*Travel Wallet*)
C Kontant paspoort (*Cash passport*)
D Bankwissel

1.1.6 Riglyne oor die keuse van die korrekte kanaal by aankoms by doeane in Suid-Afrika:

A Kies die rooi kanaal as jy geskenke namens ander mense dra.
B Kies die groen kanaal as jy ŉ 250 mℓ bottel parfuum dra.
C As die rooi- en groen kanaalstelsel nie in werking is nie, stap reguit deur die doeanegebied.
D ŉ Passasier mag deur die groen kanaal beweeg met ŉ vuurwapen solank hy/sy ouer as 21 jaar is.

1.1.7 In 2019 het die kaartjieverkope vir toegang tot die Eiffeltoring in Parys, Frankryk, ongeveer 87 miljoen euro beloop, vergeleke met 84,7 miljoen euro in 2018 en 68 miljoen euro in 2017.

Die Eiffeltoring het die volgende kenmerk van ŉ suksesvolle toeriste-aantreklikheid getoon:

A Herhaalbesoeke het plaasgevind.
B Die personeel en bestuur was doeltreffend.
C Die werklike aantal besoekers kon nie die teikengetal besoekers bereik nie.
D Die inkomste wat gegenereer is, het die teikensyfer oortref.

1.1.8 As die rand swak is in verhouding tot ander geldeenhede sal …

A dit ŉ positiewe uitwerking op die BBP van die land hê.
B internasionale besoekers ontmoedig word om Suid-Afrika te besoek aangesien dit nie as ŉ waarde vir geld bestemming beskou sal word nie.
C internasionale besoekers aangemoedig word om Suid-Afrika te besoek aangesien dit as ŉ waarde vir geld bestemming beskou sal word.
D binnelandse toeriste in ŉ posisie wees om meer gereeld internasionaal te reis.

1.1.9 … is beginsels van toerismeverwante besighede wat Regverdige Handel Toerisme (*Fair Trade Tourism*) geakkrediteer is.

A Betroubaarheid, billikheid en regverdige salarisse
B Respek, deursigtigheid en demokrasie
C Volhoubaarheid, winsdeling en verantwoordelikheid
D BBSEB, deursigtigheid en omgewingsbewustheid

1.1.10 Chichén Itzá is ŉ bouvallige antieke stad wat deur die … mense gebou is.

A Inka
B Zapoteke
C Maja
D Mauryaanse

1.1.11 Plaaslike verkryging beteken ...

A lede van die plaaslike gemeenskap word in diens geneem.
B die verkryging van goedere vanaf aanlyn Suid-Afrikaanse webwerwe.
C om BBSEB-beginsels te volg wanneer personeel in diens geneem word.
D koop goedere deur besighede in jou omgewing vervaardig.

1.1.12 TOMSA-heffing is die … heffing wat aan die verbruiker gehef word vir die gebruik van spesifieke toerismedienste in Suid-Afrika.

A 1%
B 5%
C 7%
D 15%

1.1.13 Wanneer rand na buitelandse valuta gewissel word vir ʼn Suid-Afrikaner wat beplan om Italië te besoek, sal die bank die volgende gebruik:

A BBP
B BAK
C BVK
D KMB

1.1.14 In Maart 2022 het Suid-Afrikaanse Toerisme die ... wêreldwye bemarkingsvideo bekendgestel om na-inperking reise na Suid-Afrika aan te moedig.

A "Kom ons stel nie die lewe uit nie" *("Let's not postpone living life")*
B "Lewendige Suid-Afrika" ("*Vibrant South Africa*")
C "Leef weer" ("*Live Again*")
D "Suid-Afrika is weer oop" ("*South Africa is open again*")

1.1.15 ʼn IBP …

A is ʼn denkbeeldige lyn wat van noord na suid op 0° lengtegraad loop.
B is ʼn denkbeeldige lyn wat van noord na suid op 180° lengtegraad loop.
C gee reisigers toegang tot die BBP-sitkamer by lughawens.
D laat toeriste toe om in ʼn vreemde land te bestuur.

1.1.16 UNESCO is die akroniem vir:

A Verenigde Nasies se Ekonomiese, Wetenskap- en Kultuurkantoor
B Verenigde Nasies se Omgewings-, Wetenskaplike en Kultuurorganisasie
C Verenigde Nasies se Ingenieurs-, Wetenskap- en Kultuurkantoor
D Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie

1.1.17 ʼn Belangrike voorkomende maatreël wanneer jy na lande reis waar malaria voorkom.

A Kook kraanwater voor gebruik.
B Gebruik insekweerder en maak snags vensters en deure toe.
C Vermy stilstaande water.
D Dra ʼn gesigmasker en ontsmet gereeld.

1.1.18 Die Côte d'Azur, geleë langs die Mediterreense kus van …, is bekend daarvoor dat dit ʼn speelplek vir die rykes en beroemdes is.

A Italië
B Spanje
C Frankryk
D Portugal

1.1.19 Identifiseer die mees professioneel geklede toergids wat geskik is vir ʼn Groot 5-safari in die Krugerwildtuin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A |  | B |  |
| C |  | D |  |

1.1.20 Die proporsie inkomende toerisme wat Suid-Afrika ontvang in verhouding tot die res van die wêreld:

A Buitelandse markaandeel
B Bronmarkte
C Buitelandse aankomste
D Kernmarkte (20 x 1) (20)

1.2 Kies die term/konsep wat in die lys hieronder verskaf word wat die beskrywings die beste pas. Jy mag die gegewe opsies net een keer gebruik. Skryf slegs die term/konsep langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Mekka; Opvolgoproep; Berg Everest; SMS-boodskap; Strooibiljet; Jungfrau-Aletsch; Berg Kilimanjaro; Persoonlike verkope; Berg Fuji; Grand Canyon |

1.2.1 ŉ Bergagtige streek wat Europa se grootste gletser bevat.

1.2.2 ŉ Verbale kliëntterugvoermetode wat deur diensverskaffers gebruik word.

1.2.3 Klimmers spandeer maande om te akklimatiseer om hul liggame gereed te kry vir die uiterste toestande om die 8 849 m-spits te bereik.

1.2.4 ŉ Nie-verbale kliëntterugvoermetode wat deur diensverskaffers gebruik word.

1.2.5 ŉ Heilige berg wat ŉ sentrale rol in die Japannese kultuur en geestelike tradisies speel.

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 ŉ Reistoelaag is die (maksimum/minimum) bedrag wat ŉ Suid-Afrikaanse burger wat oorsee reis, in ŉ jaar vir buitelandse valuta kan ruil.

1.3.2 Reisigers moet ongebruikte buitelandse valuta binne (10/30) dae na hul terugkeer na Suid-Afrika terug na Suid-Afrikaanse rand wissel.



1.3.3 Die eerste stop vir ŉ inkomende internasionale reisiger by aankoms in Suid-Afrika is (doeane/immigrasiebeheer).

1.3.4 ŉ Suid-Afrikaner wat beplan om na die VSA te reis, moet ŉ paspoort by die (Departement van Binnelandse Sake/VSA-konsul naaste aan hul woonplek) verkry.

1.3.5 Die duurste aspek van ŉ toer is (etes/vervoer).

(5 x 1) (5)


1.4 Kies ŉ simbool uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Goeie omgewingsafvalbestuurs-praktyk by hotelle | A |  |
| 1.4.2 | Die handhawing en verbetering van die sosiale welstand van ŉ gemeenskap | B |  |
| 1.4.3 | Implementering van beleide om die beskerming van natuurlike hulpbronne te verseker | C |  |
| 1.4.4 | Praktyke wat langtermyn ekonomiese stabiliteit van ŉ besigheid ondersteun terwyl behoorlike bestuur verseker word | D |  |
| 1.4.5 | Omskep afval in herbruikbare materiaal | E |  |
| | | F |  |
| | | G |  |

(5 x 1) (5)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Bestudeer die prente van Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika. Pas die prent wat die beste met die Wêrelderfenisterreine wat hieronder gelys word geassosieer word. Skryf SLEGS die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 G.

| A | B |
|---|---|
|  |  |
| **C** | **D** |
|  |  |
| **E** | **F** |
|  |  |

1.5.1 iSimangaliso-vleilandpark

1.5.2 Beskermde gebiede van die Kaapse blommestreek

1.5.3 Mapungubwe Kulturele Landskap

1.5.4 Barberton Makhonjwa-berge


1.5.5 Robbeneiland (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA

## VRAAG 2

2.1 Gebruik die wêreldtydsonekaart en die scenario om die vrae te beantwoord.



EXPO 2020 DUBAI UAE


*EKSPO 2020, DUBAI, VAE

Wêreldekspo is een van die oudste en grootste internasionale gebeurtenisse. Dit vind elke vyf jaar plaas en duur vir ses maande.

Ekspo 2020 is deur Dubai in die Verenigde Arabiese Emirate vanaf 1 Oktober 2021 tot 31 Maart 2022 aangebied.

Ekspo 2020 was aanvanklik vir 20 Oktober 2020 tot 10 April 2021 geskeduleer maar is as gevolg van die COVID-19 pandemie uitgestel.

Die meeste reisigers kan Dubai binne 8 uur bereik
1/3 van die wêreld se reisigers kan Dubai binne 4 uur bereik




2.1.1 Die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes het op 1 September vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek op pad na Dubai Internasionale Lughawe ter voorbereiding van die Wêreldekspo 2022. Hul vlugbesonderhede word hieronder gegee.

| OR Tambo Internasionale Lughawe (+2) | Vliegtyd<br>8h15m | Dubai Internasionale Lughawe (+4) |
|---|---|---|
| Vertrek: 18:50<br>Datum: 1 September<br>Vlugnommer SA7158 | | Aankoms: ?<br>Datum: ?<br>Vlugnommer SA7158 |

(a) Passasiers wat van Suid-Afrika na Dubai reis, moes ŉ Covid-19-entstofsertifikaat toon, of ŉ negatiewe PCR-toets wat nie meer as 72 uur voor vertrek gedoen is nie.

Bepaal EEN datum waarop die Suid-Afrikaanse afgegevaardigdes hul PCR-toetse moes laat doen om aan die Covid-19-reisregulasies wat deur die Verenigde Arabiese Emirate vereis word te voldoen. (2)

(b) Bereken die aankomstyd en datum van vlug SA7158 by Dubai Internasionale Lughawe.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (5)

2.1.2 Op 1 Oktober het die Australiese Minister vir Handel, Toerisme en Belegging, Dan Tehan, vanaf Sydney Kingsford Smith Internasionale Lughawe vertrek op pad na Dubai Internasionale Lughawe om die Wêreldekspo 2022 by te woon. Sy vlugbesonderhede word hieronder gegee.

| Sydney Kingsford Smith Internasionale Lughawe (+10) | Vliegtyd<br>14h30m | Dubai Internasionale Lughawe (+4) |
|---|---|---|
| Vertrek: ?<br>Datum: 1 Oktober<br>Vlugnommer EK415 | | Aankoms: 05:15<br>Datum: 2 Oktober<br>Vlugnommer EK415 |

(a) Bereken die vertrektyd van vlug EK415 vanaf Sydney Kingsford Smith Internasionale Lughawe.

Onthou dat Australië Dagligbesparingstyd ten tye van die vlug beoefen het.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (5)

(b) Ten volle ingeënte Australiese burgers, permanente inwoners en hul onmiddellike familielede kan van Australië na internasionale bestemmings reis sonder om ŉ negatiewe Covid-19 PCR-toets te toon.

Lei die impak af wat bogenoemde op uitgaande reise van Australië na die Wêreldekspo 2022 in Dubai kan hê. (2)

2.1.3 Na die Wêreldekspo 2022 het die Amerikaanse afgevaardigdes na New York, VSA, teruggekeer. Hul vlugbesonderhede word hieronder gegee.

| | | |
|---|---|---|
| Dubai Internasionale Lughawe (+4) | Vliegtyd<br>13h55m | John F. Kennedy Internasionale Lughawe, New York (-5) |
| Vertrek: 08:30<br>Datum: 1 April<br>Vlugnommer EK201 | | Aankoms: ?<br>Datum: ?<br>Vlugnommer EK201 |

(a) Noem die verpligte reisdokument wat die lede van die Amerikaanse afgevaardigdes met hul aankoms by John F. Kennedy Internasionale Lughawe, New York, moes toon. (2)

(b) Bereken die aankomstyd en datum van vlug EK201 by die John F. Kennedy Internasionale Lughawe, New York.

Onthou dat die VSA Dagligbesparingstyd ten tye van die vlug beoefen het.

**LET WEL:** Toon ALLE berekeninge. (5)

2.1.4 (a) Gebruik die inligting wat gegee word om af te lei watter passasiers, die Suid-Afrikaners, Australiërs of Amerikaners, die waarskynlikste aan vlugvoosheid sal ly. (2)

(b) Noem TWEE simptome wat die reisigers as gevolg van vlugvoosheid kan ervaar. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer die webwerf-uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|---|---|---|
| FLIO | **FLIO TOEP, JOU VLUGGESEL**<br>FLIO vergesel jou van die oomblik dat jy jou reis bespreek totdat jy jou bestemming bereik.<br>Enige plek. Enige tyd. |  |
| **MOET NOOIT 'N VLUG VERPAS NIE**<br>Kry onmiddellike opdaterings vir jou vlugte, weet eerste van vertragings, hekveranderinge en instaptye met FLIO se werklike-tydse vlugstatusstelsel. | **VERLORE BAGASIE**<br>Die veiligheid van jou bagasie is nie meer ŉ probleem nie! ŉ 24 uur, 7-dag inbelsentrum beskikbaar in 6 tale, sal die terugbesorging van vertraagde bagasie binne 48 uur behartig of jy kry ŉ terugbetaling! | **LUGHAWEGIDS**<br>Kry al die inligting wat jy by die lughawe nodig het: aankoms- en vertrektye, hekliggings, beste belastingvrye winkels, terminaalkaarte ... ons sien om na jou belange! |
|  | Spaar tyd, kry onmiddellike toegang tot BBP-sitkamers en parkering.<br><br>Covid-19-opdaterings en riglyne vir reisigers. |  |

[Aangepas uit www.flio.com]

2.2.1 Noem EEN voordeel vir ŉ reisiger wat die FLIO-toepassing (toep/app) gebruik. (1)

2.2.2 Gee TWEE vereistes vir ŉ reisiger wat die FLIO-toepassing wil gebruik. (2 x 2) (4)

2.2.3 Lei die betekenis van die term '*werklike-tydse vlugstatus'* af. (2)

2.2.4 Bespreek EEN impak van vlugvertragings vir ŉ reisiger. (2)

2.2.5 Verduidelik die term '*belastingvrye winkels'* aan ŉ eerstekeerreisiger (reisiger wat vir die eerste keer reis). (2 x 2) (4)

**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| Geldeenheid | Kode | Bankverkoop-koers | Bankaankoop-koers |
|---|---|---|---|
| Britse pond | GBP | 19,49 | 18,80 |
| Euro | EUR | 16,25 | 15,65 |
| Amerikaanse dollar | VSD | 14,73 | 14,37 |

3.1 Noem die geldeenheid wat gebruik word wanneer ŉ toeris in Spanje reis. (1)

3.2 Bereken die bedrag wat ŉ Suid-Afrikaanse toeris sal ontvang wanneer R37 500,00 vir ŉ reis na Londen, Verenigde Koninkryk gewissel word.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

3.3 Bereken die bedrag wat ŉ Suid-Afrikaanse toeris sal ontvang wanneer R23 250,00 vir ŉ reis na New York, VSA gewissel word.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

3.4 ŉ Toeris wat van Italië af terugkeer, het €51 ná sy reis oor. Bereken die bedrag wat hy sal ontvang wanneer hy hierdie bedrag vir rand verruil/ wissel.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)


**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING


## VRAAG 4


4.1 Bestudeer die prente van wêreldikone en beantwoord die vrae wat volg.














4.1.1 Voltooi die tabel:

| NAAM VAN LAND | NAAM VAN WÊRELDIKOON | | DIE STAD WAARIN DIE IKOON GELEË IS | |
|---|---|---|---|---|
| Griekeland | (a) | | (b) | |
| Turkye | (c) | | (d) | |
| Indië | (e) | | (f) | |
| Jordanië | (g) | | (h) | |

(8 x 1) (8)

4.1.2 Verwys na ikone **A** en **B** hieronder.




(a) Identifiseer ikone **A** en **B** hierbo. (2 x 1) (2)

(b) Onderskei tussen die belangrikheid van ikone **A** en **B** in Moslem- en Joodse pelgrimstogte. (2 x 2) (4)

4.2 Lees die besienswaardigheid-inligtingsblad en beantwoord die vrae wat volg.




**Verken twee museummeule**

- Twee van ons meule, Nederwaard Museummeul en Blokweer Museummeul is daagliks vir die publiek oop.
- Met jou toegangskaartjie kan jy albei besoek.

**Geniet ʼn bootrit**

- Die ‘Cruiser’ maak ʼn heen-en-weerrit van 30 minute en vaar naby die windmeule verby.
- Die ‘Hopper’ vaar heeldag ʼn vaste roete. Seil naby die windmeule verby en stop op verskeie plekke om die area verder te verken.
- Beide toerbote is rolstoeltoeganklik.
- Met jou toegangskaartjie kan jy op een van ons toerbote klim.

**Kyk na ʼn film oor Kinderdijk**

- Die film wat by De Fabriek Hulppompstasie vertoon word, neem jou op ʼn vinnige reis deur die geskiedenis van Kinderdijk.
- Die film word op verskeie skerms vertoon, met Engelse, Japannese, Franse en Duitse weergawes beskikbaar op jou versoek.
- Die multiskerm-rolprentteater is rolstoeltoeganklik.

**Luister na die oudiotoer**

- Laai ons splinternuwe Kinderdijk-toepassing gratis af.
- Die toepassing beskik oor verskeie oudiotoere; kort en uitgebreide toere, vir kinders en volwassenes.
- Jy kan slegs na die oudiotoere luister deur die nommer op jou toegangskaartjie in die toepassing in te voer.
- Die toepassing beskik ook oor 'n digitale kaart van Kinderdijk en die omgewing rondom dit. Deur op die kaart te tik, sal jy selfs meer bruikbare agtergrondinligting by alle belangrike punte vind.

**Besoekersentrum**

- Die Besoekersentrum, wat in 2019 geopen is, vorm deel van die herontwikkeling van die Kinderdijk-ingangsone.
- Die Besoekersentrumpersoneel staan gereed om jou by te staan.
- Op die grondvloer sal jy ʼn geskenkwinkel vind wat aandenkings en volhoubare produkte verkoop, en die Kinderdijk-kafee bied kos en drinkgoed.
- Die buiteterras, op die boonste verdieping, bied ʼn uitstekende uitsig oor die hele windmeulekompleks.
- Die toilette is in die kelderverdieping van die Besoekersentrum en spesiale toiletgeriewe vir gestremdes is beskikbaar.

[Aangepas uit www.kinderdijk.com]

Kopiereg voorbehou 

4.2.1 Noem die land waar Kinderdijk geleë is. (2)

4.2.2 Gee EEN rede vir die ikoonstatus van die windmeule van die land wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is. (2)


4.2.3 Verskaf ŉ voorbeeld uit die gevallestudie wat Kinderdijk se toegewydheid tot universele toeganklikheid toon. (2)

4.2.4 Bespreek die mees onlangse innoverende strategieë wat deur Kinderdijk se bestuur geïmplementeer is om ŉ positiewe besoekerservaring te verseker. (2 x 2) (4)

**[24]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die kaart van Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisgebiede en beantwoord die vrae wat volg.




5.1 Identifiseer die provinsie waarin die UNESCO-wêrelderfenisgebiede gemerk **A** en **B** geleë is. (1)

5.2 Gee die amptelike naam van die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisgebied wat grens aan:

5.2.1 Namibië (1)

5.2.2 Namibië en Botswana (1)


5.2.3 Lesotho (1)

5.3 Beide Wêrelderfenisterreine gemerk **A** en **B** op die kaart, kwalifiseer vir insluiting op die Wêrelderfenislys gebaseer op kriterium (v).

**Kriterium (v)**

Om ʼn buitengewone voorbeeld van ʼn tradisionele menslike nedersetting, grondgebruik of seegebruik te wees wat verteenwoordigend is van ʼn kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing, veral wanneer dit kwesbaar geword het onder die impak van onomkeerbare verandering.

**Wêrelderfenisgebied A:**



**Wêrelderfenisgebied B:**





Verskaf TWEE kenmerke wat deur elk van die Wêrelderfenisterreine gemerk **A** en **B** vertoon word, wat hulle gekwalifiseer het om aan kriterium (v) te voldoen. (4 x 2) (8)

**[12]**

## VRAAG 6

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

EXPO 2020 DUBAI UAE

### Dubai Ekspo 2020, 'n geleentheid om Suid-Afrika se toerismesektor te vernuwe




Ekspo 2020 het aan deelnemende lande 'n geleentheid gebied om met potensiële vennote, beleggers en medewerkers te netwerk terwyl die wêreldekonomie na volhoubare maniere om te herstel van die impak van die Covid-pandemie gesoek het.

### Suid-Afrikaanse Pawiljoen by EKSPO 2020

South Africa

Inspiring new ways









Suid-Afrika, as ŉ deelnemende land, het sy potensiaal by die Suid-Afrikaanse pawiljoen ten toon gestel en handel en belegging, wêreldklas innoverende tegnologie, kreatiewe kunste, toerisme, sport en sy unieke kulturele diversiteit bevorder.

Die Suid-Afrikaanse pawiljoen by die Wêreldekspo 2020 het gedurende Desember 2021 ŉ sterk toerismefokus gehad.

Gedurende die maand is besoekers aan die pawiljoen en virtuele besoekers op ŉ Suid-Afrikaanse ekspedisie geneem, aangebied deur Suid-Afrikaanse Toerisme. ŉ Reeks digitale inhouduitstallings op die Suid-Afrikaanse Pawiljoen-aanlynportaal het al nege provinsies vertoon. Netwerksessies en -programme wat deur die Departement van Toerisme (NDT) en Suid-Afrikaanse Toerisme (SA Toerisme) uitgevoer is, is ook deur die maandlange tentoonstelling aangebied.

6.1 Gedurende 2020 en die eerste helfte van 2021 het Suid-Afrikaanse Toerisme beperkte geleenthede gehad om Suid-Afrika internasionaal te bemark weens die Covid-19-pandemie.

Noem TWEE internasionale reis-handelskoue waar Suid-Afrikaanse Toerisme nie kon uitstal nie. (2 x 1) (2)

6.2 Gee TWEE voorbeelde as bewys dat Ekspo 2020 aan Suid-Afrikaanse Toerisme ŉ geleentheid gebied het om ŉ globale gehoor te bereik om die toerismesektor te vernuwe. (2 x 2) (4)

6.3 Beskryf DRIE fisiese aspekte van die Suid-Afrikaanse Pawiljoen wat Suid-Afrikaanse Toerisme se internasionale bemarkingspogings versterk het. (2 x 2) (4)

6.4 Verduidelik die waarde van die reeks digitale inhouduitstallings wat al nege provinsies uitstal as ŉ bemarkingstrategie om die Suid-Afrikaanse toerismesektor te vernuwe. (2 x 2) (4)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Bestudeer die prent en teks en beantwoord die vrae wat volg.




Dink terug aan al die hoogtepunte van jou laaste vakansie; die verblyf, die besienswaardighede, die kos wat jy geëet het. Die gemene faktor wat al hierdie dinge laat werk soos dit moes, is die mense wat in die toerismebedryf werk; die personeellede by elke onderneming wat jy tydens jou reis besoek het.

Daar is gespesialiseerde vaardighede benodig vir ŉ suksesvolle loopbaan in toerisme. Dit sluit kliëntediens, kommunikasie en organisatoriese vaardighede in, en alles kombineer om ŉ professionele beeld van die onderneming te skep.

7.1 Identifiseer EEN loopbaangeleentheid in die toerismebedryf wat in die beeld uitgebeeld word. (2)

7.2 Stel EEN rede voor waarom die personeellid in die loopbaan in VRAAG 7.1 genoem uitstekende kommunikasievaardighede sal benodig. (2)

7.3 Werknemers in die toerismebedryf teken ŉ dienskontrak en ŉ gedragskode wanneer hulle in diens geneem word. Voltooi die tabel hieronder deur die funksie van elke dokument te gee.

| | **Dienskontrak** | **Gedragskode** |
|---|---|---|
| Funksie van dokument | 7.3.1 | 7.3.2 |

(2 x 2) (4)


7.4 Bespreek TWEE voordele vir ŉ toerisme-onderneming as hul werknemers ŉ professionele beeld toon. (2 x 2) (4)


**[12]**

**VRAAG 8**

Lees die uittreksel, bestudeer die prente en beantwoord die vrae wat volg.

**Lugbrug by God's Window in die Blyderivier Canyon-Natuurreservaat binne twee jaar voltooi**





Planne vir die langverwagte lugbrug by God's Window in die Blyderivier Canyon Natuurreservaat is op koers met ŉ beplande sperdatum vir voltooiing in 2023.

Die lugbrug, wat daarop gemik is om toerisme in die provinsie te verhoog, sal aan besoekers ŉ skilderagtige uitsig oor die Laeveld-streek bied met ŉ val van meer as 900 meter af na die plaaslike inheemse woud-beklede canyon. Die loopbrug sal sowat 12 meter oor die krans uitsteek en sal sowat vyf meter breed wees.

Die lugbrug sal ook ander aktiwiteite aanbied, soos ŉ lugswaai en ŉ nul-swaartekragkamer. Die meeste van die aktiwiteite sal deur plaaslike werklose jeugdiges van die area bestuur word. Die Mapulana-stam, eienaars van die grond waarop die lugbrug gebou word, sal by die projek baat vind. Daar word beraam dat die konstruksie van die lugbrug 300 werksgeleenthede sal skep, terwyl dit meer as 100 werksgeleenthede sal bied sodra dit voltooi is.

Die ontwerp is gegrond op die beginsel van volhoubaarheid en sal ŉ daktuin, sonpanele en opgaar van reënwater insluit. Dennehoutteerpale van die omliggende plantasies sal vir die bou van die kolomme gebruik word.

Projekte soos die lugbrug sal baie help om besoekersgetalle te verhoog en mense aan te moedig om langer in die area te bly, wat weer besoekersbesteding in die streek sal verhoog.

[Aangepas uit www:lowvelder.co.za]

8.1 Identifiseer TWEE pilare van volhoubare toerisme wat gehandhaaf sal word deur werksgeleenthede aan lede van die Mapulana-stam te verskaf. (2)

8.2 Uit die beeld lei TWEE geleenthede af, afgesien van werkskepping, beskikbaar vir die plaaslike bevolking wat elkeen van die pilare wat in VRAAG 8.1 geïdentifiseer is, verder sal handhaaf. (2 x 2) (4)

8.3 Bespreek TWEE strategieë wat die ontwerpspan geïmplementeer het om te verseker dat die lugbrug die omgewingspilaar van volhoubare toerisme ondersteun. (2 x 2) (4)

8.4

| |
|---|
| Projekte soos die lugbrug sal baie help om besoekersgetalle te verhoog en mense aan te moedig om langer in die area te bly, wat weer besoekersbesteding in die streek sal verhoog. |

Lei af wat die effek op die ekonomie van die area rondom die Blyderiviercanyon sal wees. (2)

8.5 Stel TWEE praktyke voor wat besoekers aan die lugbrug by God's Window kan volg wat sal verseker dat hulle op ’n verantwoordelike wyse optree. (2 x 2) (4)

8.6 Lewer kortliks kommentaar oor die gebruik van omgewingsvriendelike boupraktyke wat in die beeld sigbaar is. (2)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTESORG

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die feiteblad hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**Voor-Ekspo-fase (2013–2021)**

- November 2013: Dubai het die bod om Ekspo 2020 aan te bied gewen.
- Maart 2016: Bouwerk begin by die Dubai Ekspo 2020-terrein, wat omtrent die grootte van 600 sokkervelde is.
- Meer as 50% van die kontrakgeleenthede vir Ekspo 2020 is aan klein en medium ondernemings toegestaan.
- 50% van die terrein het deel gevorm van die Ekspo-area, terwyl die oorblywende grond gewy is aan ondersteunende fasiliteite soos die Ekspo 2020 behuising, pakhuise, terreinbestuurbedrywighede, vervoer, hotelle en ’n openbare park.
- 15 vervoer-infrastruktuurprojekte is van stapel gestuur, insluitend opgraderings aan lughawens, die bou van paaie en brûe, en die uitbreiding van die Dubai Metro-treinstelsel.
- Ekspo bou- en infrastruktuurkoste is op VS$10,3 miljard (ZAR 155 miljard) geraam.

**Tydens-Ekspo-fase (2021–2022)**

- Oktober 2021 tot Maart 2022: Die Ekspo-terrein word lewendig met honderde plattelandse pawiljoene, wat 192 nasies verteenwoordig, ook Ekspo-medewerkerpawiljoene, organisasiepawiljoene en spesiale pawiljoene, 60 regstreekse uitsendings elke dag, internasionale kookkuns wat by 200 Kos and Drank-afsetpunte aangebied word, ondersteun deur inspirerende kuns-, kultuur- en musiekprogramme.
- Die helfte van die energie wat deur Ekspo 2020 gebruik word, is van hernubare bronne afkomstig.
- 85% van alle afval wat deur Ekspo 2020 gegenereer is, is verminder, hergebruik, herwin en heraangewend deur afval in alles van kunsmis tot T-hemp-aandenkings te verander.

**Post-Ekspo Nalatenskap-fase (2022–2032)**

- April tot Oktober 2022: Die Ekspo 2020-terrein is in Distrik 2020 omskep deur meer as 80% van Ekspo 2020 se beboude omgewing te behou.
- Distrik 2020 sluit residensiële areas, kommersiële areas en wêreldklas innovasie, opvoedkundige, kulturele en vermaaklikheidsfasiliteite in.
- Sommige internasionale en plaaslike kommersiële huurders het reeds ingekoop, maar baie meer korporasies asook klein en mediumgrootte ondernemings sal gewerf moet word om Ekspo 2020 se ambisieuse nalatenskapvisie te vervul.

[Aangepas uit www.expo2022dubai.com]

9.1.1 Ekspo 2020 Dubai word beskou as die grootste wêreldwye geleentheid wat sedert die begin van die Covid-19-pandemie gehou is.


Gee EEN rede waarom Ekspo 2020 as ŉ globale gebeurtenis geklassifiseer word. (2)

9.1.2 Identifiseer TWEE maniere waarop die gasheerland ŉ geleentheid met ŉ positiewe volhoubare omgewingsimpak gelewer het. (4)

9.1.3 Die geraamde VS$10,3 miljard wat die regering gedurende die drie fases van Ekspo 2020 bestee het, het ŉ vermenigvuldigingseffek geskep wat ŉ positiewe impak op Dubai se ekonomie gehad het.

Motiveer hierdie stelling. (3 x 2) (6)

9.2 Bestudeer die statistieke oor Suid-Afrika se buitelandse toeriste-aankomste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




| | Jan | Feb | Mar | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug | Sep | Okt | Nov | Des |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2019 | 1 068 190 | 797 181 | 838 696 | 903 059 | 753 517 | 734 554 | 790 187 | 896 978 | 780 381 | 834 275 | 850 537 | 981 038 |
| 2020 | 1 093 268 | 800 815 | 535 094 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 73 988 | 101 096 | 198 059 |

[Bron: www.statssa.gov.za]

9.2.1 (a) Identifiseer die tendens wat in toeriste-aankomste in Suid-Afrika van April tot September 2020 vertoon word. (2)

(b) Lys EEN Covid-19-beperkende (voorkomende) maatreël deur die Suid-Afrikaanse regering geïmplementeer, wat gelei het tot die tendens wat in VRAAG 9.2.1 (a) geïdentifiseer is. (2)

9.2.2 (a) Identifiseer die tendens in Suid-Afrika se maandelikse toeriste-aankomste in 2020 in vergelyking met 2019. (2)

(b) Bepaal die TWEE maande van 2020, in vergelyking met 2019, wat uitsonderings getoon het op die tendens wat in VRAAG 9.2.2 (a) geïdentifiseer is. (2 x 1) (2)

**[20]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




10.1 Ubuntu Burger Hut, ŉ kitskos-onderneming, gebruik QR-kodes op die verpakking van hul kos om kliëntterugvoer in te samel.

Identifiseer die tipe toestel wat Ubuntu Burger Hut se kliënte sal gebruik om die QR-kode te skandeer om aan die opname deel te neem. (2)

10.2 Verduidelik hoe Ubuntu Burger Hut sy kliënte oor die doel van die opname inlig. (2)

10.3 Gee DRIE redes waarom Ubuntu Burger Hut QR-kodes gekies het as ŉ metode om terugvoer van kliënte in te samel om kliëntediens te verbeter. (2 x 3) (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# TOERISME NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D ✓ | | |
| | 1.1.2 | C ✓ | | |
| | 1.1.3 | B ✓ | | |
| | 1.1.4 | C ✓ | | |
| | 1.1.5 | A ✓ | | |
| | 1.1.6 | A ✓ | | |
| | 1.1.7 | D ✓ | | |
| | 1.1.8 | C ✓ | | |
| | 1.1.9 | B ✓ | | |
| | 1.1.10 | C ✓ | | |
| | 1.1.11 | D ✓ | | |
| | 1.1.12 | A ✓ | | |
| | 1.1.13 | C ✓ | | |
| | 1.1.14 | C ✓ | | |
| | 1.1.15 | D ✓ | | |
| | 1.1.16 | D ✓ | | |
| | 1.1.17 | B ✓ | | |
| | 1.1.18 | C ✓ | | |
| | 1.1.19 | B ✓ | | |
| | 1.1.20 | A ✓ | (20 x 1) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Jungfrau-Aletsch ✓ | | |
| | 1.2.2 | Opvolgoproep ✓ | | |
| | 1.2.3 | Berg Everest ✓ | | |
| | 1.2.4 | SMS-boodskap ✓ | | |
| | 1.2.5 | Berg Fuji ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | maksimum ✓ | | |
| | 1.3.2 | 30 ✓ | | |
| | 1.3.3 | immigrasiebeheer ✓ | | |
| | 1.3.4 | Departement van Binnelandse Sake ✓ | | |
| | 1.3.5 | vervoer ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | D ✓ | | |
| | 1.4.2 | F ✓ | | |
| | 1.4.3 | E ✓ | | |
| | 1.4.4 | A ✓ | | |
| | 1.4.5 | B ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | E ✓ | | |
| | 1.5.2 | B ✓ | | |
| | 1.5.3 | A ✓ | | |
| | 1.5.4 | D ✓ | | |
| | 1.5.5 | C ✓ | (5 x 1) | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 (a) 29 Augustus ✓✓
- 30 Augustus
- 31 Augustus

(2)

(b) SA +2
Dubai +4
Tydsverskil 2 ure ✓
Rigting OOS +
18:50 + ✓2 uur = 20:50
20:50 + ✓8h15m = 28:65 - 24:00 = 05:05 ✓2 Sept ✓

**OF**

05:05 ✓✓✓✓2 Sept ✓ (5)

2.1.2 (a) Sydney, Australië +10 (+ 1 DBT ✓) = +11
Dubai +4
Tydsverskil 7 uur ✓
Rigting OOS +
05:15 + ✓7 uur = 12:15
12:15 – ✓14h30m = 21:45 ✓

**OF**

21:45 ✓✓✓✓✓ (5)

(b) Dit sal lei tot 'n toename in uitgaande reise van Australië na Dubai. ✓✓ (2)

2.1.3 (a) Paspoort ✓✓ (2)

(b) Dubai +4
New York, VSA -5 (+1 DBT) = -4
Tydsverskil 8 uur ✓
Rigting WES –
08:30 – ✓8 uur = 00:30
00:30 + ✓13h55m = 14:25 ✓1 April ✓

**OF**

14:25 ✓✓✓✓1 April ✓ (5)

2.1.4 (a) Amerikaners ✓✓ (2)

(b) Versteurde/onderbroke slaap – soos slapeloosheid, vroeg wakker word of oormatige slaperigheid ✓✓
Hoofpyne ✓✓
- Moegheid en ŉ gevoel van luiheid
- Sukkel om te konsentreer of op jou gewone vlak te funksioneer
- Maagprobleme, hardlywigheid of diarree
- Geswelde bene en voete
- Ongemak in bene en voete
- Verwarring en disoriëntasie
- Dehidrasie
- Naarheid
- Eetlus verloor
- Duiseligheid (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 Reisigers word op hoogte van inligting oor vlugvertragings, hekveranderings en instaptye gehou. ✓
- Bagasie wat verlore geraak het, sal binne 48 uur aan die passasier terugbesorg word of ŉ terugbetaling sal gegee word.
- Inligting oor die lughawe waar die reisiger hom bevind, is op die toepassing beskikbaar.
- Reisigers sal tyd bespaar en onmiddellik toegang tot BBP-sitkamers en parkering kry.
- Die toepassing bied Covid-19-opdaterings en riglyne vir reisigers aan. (1)

2.2.2 ŉ Internet-geaktiveerde toestel ✓✓
Internet-konneksie ✓✓
- Laai die toepassing af (2 x 2) (4)

2.2.3 Nuutste, bygewerkte (op datum) inligting oor die status van vlugte word gegee. ✓✓
- Die inligting wat gegee word, is nie verouderd nie. (2)

2.2.4 Vlugvertragings kan verblyfbesprekings beïnvloed. ✓✓
- Reisigers kan vergaderings of afsprake mis.
- Reisigers kan aansluitingsvlugte mis.
- Die reisigers se begroting kan beïnvloed word. (2)

2.2.5 Belastingvrye winkels is winkels wat by die uitgangspunt van ŉ land geleë is, wat goedere verkoop wat vrygestel is van betaling van belasting en BTW. ✓✓
Dit is gebaseer op die vereiste dat die reisiger die gekoopte goedere landuit moet neem. ✓✓ (2 x 2) (4)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 Euro ✓
- EUR (1)

3.2 R37 500,00 ÷ ✓ 19,49 ✓ = £1 924,06 ✓

**OF**

£1 924,06 ✓✓✓ (3)

3.3 R23 250,00 ÷ ✓ 14,73 ✓= $ 1 578,41 ✓

**OF**

$1 578,41 ✓✓✓ (3)

3.4 €51 x ✓ 15,65 ✓= R798,15 ✓

**OF**

R798,15 ✓✓✓ (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS TOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 (a) Parthenon ✓
(b) Athene ✓
(c) Blou Moskee ✓
(d) Istanbul ✓
(e) Taj Mahal ✓
(f) Agra ✓
(g) Petra ✓
(h) Petra ✓/Wadi Musa (8 x 1) (8)

4.1.2 (a) **A** – Koepel van die Rots ✓
**B** – Klaagmuur ✓ (2 x 1) (2)

(b) **A**– Die Koepel van die Rots is die derde heiligste plek ter wêreld vir Moslems. ✓✓
- Daar word geglo dat die profeet Mohammed, die stigter van Islam, vanaf hierdie terrein na die hemel opgevaar het.
- Dit is die oudste Islamitiese monument ter wêreld.
- Die Koepel van die Rots is ʼn Islamitiese heiligdom wat op ʼn heilige rots gebou is.

**B** – Die Klaagmuur is die heiligste Joodse plek ter wêreld.✓✓
- Dit is ʼn plek van gebed en pelgrimstog vir Jode van regoor die wêreld.
- Jode besoek die terrein om te treur oor die verlies van hul tempel en bid vir die herstel daarvan.
- Jode wat by die muur bid, skryf hul gebede op ʼn stuk papier en steek dit in die krake in die muur. (2 x 2) (4)

4.2 4.2.1 Nederland ✓✓ (2)

4.2.2 Die windmeule van Kinderdijk is ʼn simbool van die Nederlandse stryd teen water. ✓✓
- Die windmeule is kenmerkend van die Nederlandse landskap.
- Dit is ʼn UNESCO-wêrelderfenisgebied.
- Die windmeule van Kinderdijk is die grootste konsentrasie van ou windmeule in Nederland.
- Die windmeule in Nederland dateer uit die 14de eeu. (2)

4.2.3 Albei toerbote is rolstoeltoeganklik. ✓✓
- Die multiskerm-rolprentteater is rolstoeltoeganklik.
- Die film word op verskeie skerms vertoon, met Engelse, Japannese, Franse en Duitse weergawes beskikbaar.
- Spesiale toiletgeriewe vir gestremdes is in die Besoekersentrum beskikbaar.
- Die toepassing bevat verskeie oudiotoere. (2)

4.2.4 Die Kinderdijk-toepassing is bekendgestel met verskeie oudiotoere en ŉ digitale kaart van Kinderdijk. ✓✓
ŉ Besoekersentrum wat deel vorm van die herontwikkeling van die Kinderdijk-ingangsone is in 2019 geopen. ✓✓
- Die nuwe Besoekersentrum bied ŉ besoekersgeskenkwinkel, die Kinderdijk-kafee, ŉ buiteterras en toiletgeriewe. (4)

**[24]**

**VRAAG 5**

5.1 Noord-Kaap ✓ (1)

5.2 5.2.1 Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓ (1)

5.2.2 ǂKhomani Kulturele Landskap ✓ (1)

5.2.3 uKhahlamba Drakensberg Park ✓
- Maloti-Drakensberg Park (1)

5.3 **<u>Wêrelderfenisgebied A:</u>**

Die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap is die geboorteland van die nomadiese (swerwende) Nama-kultuurgroep. ✓✓
Die Nama-kultuurgroep woon steeds in die gebied en beoefen steeds die antieke tradisie van seisoenale herderlike weiding. ✓✓
- Die herderlike weiding wat deur die Nama-mense beoefen word, onderhou die biodiversiteit van die gebied.
- Die Nama-kultuurgroep migreer met hul vee en tradisionele mat-dakhuise.

**<u>Wêrelderfenisgebied B:</u>**

Die ǂKhomani San wat in hierdie gebied woon, beoefen ŉ jag- en versamel-leefwyse. ✓✓
Eenvoudige, dog hoogs gesofistikeerde tegnologie word gebruik om die beste gebruik te maak van skaars hulpbronne soos water en plantvoedsel in ŉ uiters uitdagende omgewing. ✓✓
- Die ǂKhomani San het vaardighede en metodes ontwikkel om natuurlike gebeurlikhede soos droogte en roofdiere te hanteer.
- Die ǂKhomani San woon steeds in hierdie gebied en gaan voort om van hul ou kulturele tradisies te beoefen.
- Hulle respekteer die omgewing deur net te neem wat vervang kan word en net wat hulle nodig het.
- Hulle is kundig oor die gebruik van plante vir medisinale doeleindes.
- Hulle jag met ŉ pyl en boog met gif wat van plante of slanggif gemaak word. (4 x 2) (8)

**[12]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6**

6.1 WTM ✓/Wêreldreismark
ITB Berlyn ✓ (2)

6.2 ±21 miljoen besoekers het Ekspo 2020 bygewoon. ✓✓
±197 miljoen virtuele besoekers het Ekspo 2020 bygewoon. ✓✓
- 192 lande het aan Ekspo 2020 deelgeneem. (2 x 2) (4)

6.3 ŉ Advertensiebord met ŉ afbeelding van ŉ Suid-Afrikaanse toeristeaantreklikheid is aan die buitekant van die pawiljoen opgerig. ✓✓
Die handelsmerklogo van Suid-Afrika is aan die buite- en binnekant van die pawiljoen vertoon. ✓✓
- Die woorde 'Suid-Afrika' was prominent aan die buitekant van die pawiljoen vertoon.
- ŉ Groot fotobeeld van ŉ Suid-Afrikaanse besienswaardigheid is binne die pawiljoen vertoon.
- Fotobeelde wat Suid-Afrikaanse kultuurgroepe weerspieël, is aan die buitekant van die pawiljoen vertoon. (2 x 2) (4)

6.4 Gehelp met die bevordering van Suid-Afrika as ŉ voorkeurbestemming. ✓✓
Die verskeidenheid besienswaardighede in elk van die nege provinsies is uitgestal. ✓✓
- Bewusmaking van al nege Suid-Afrikaanse provinsies as toeristebestemmings is geskep.
- Die land se toerismepotensiaal is ten toon gestel.
- Het die standaard van toerismefasiliteite en -dienste in al nege provinsies ten toon gestel.
- Bygedra tot ŉ toename in die jaarlikse volume van buitelandse aankomste na Suid-Afrika.
- Koördineer die bemarkingsaktiwiteite van rolspelers in die bedryf.
- Aanlynbesoekers kon meer as een keer na die aanlynportaal terugkeer om die digitale inhouduitstallings te bekyk.
- Beleggingsgeleenthede is geskep. (2 x 2) (4)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE- EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Kelner ✓✓
- Huishoudster
- Bestuurder
- Bagasie portier
- Ontvangspersoon
- Concierge

**LET WEL:** *Die loopbaan wat geïdentifiseer is, moet uit die uittreksel kom.* (2)

7.2 Uitstekende kommunikasievaardighede sal die personeellid in staat stel om effektiewe diens te lewer. ✓✓
- Effektiewe kommunikasie sal tot effektiewe dienslewering lei.

**LET WEL:** *Aanvaar voorbeelde wat verwys na die personeellede genoem in VRAAG 7.1.*
*Ongeag die loopbaangeleenthede geïdentifiseer is die bogenoemde stelling relevant vir alle personeellede wat geïdentifiseer is.* (2)

7.3 7.3.1 **Dienskontrak:**
ʼn Ooreenkoms wat deur die werkgewer en werknemer onderteken is wat basiese diensvoorwaardes beskryf, soos werksure, uniformtoelaes, reisvoordele, verlof, kernpligte, byvoordele, vergoeding en aftrekkings, diensbeëindiging, professionele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid en diensetiek. ✓✓ (2)

7.3.2 **Gedragskode:**
ʼn Dokument wat die verwagte gedrag van personeel in die uitvoering van hul pligte uitspel, en leiding vir personeellede wat met etiese uitdagings gekonfronteer word, bied. ✓✓ (2)

7.4 Skep ʼn goeie openbare beeld vir die besigheid ✓✓
- Lei tot ʼn toename in besoekersgetalle ✓✓
- Lei tot ʼn toename in inkomste
- Herbesoeke
- Kliëntlojaliteit (2 x 2) (4)

**[12]**

**VRAAG 8**

8.1 Ekonomiese pilaar (Wins) ✓
Sosiale pilaar (Mense) ✓ (2 x 1) (2)

8.2 Ekonomiese pilaar: Lede van die Mapulana-stam kan kuns en kunsvlyt maak wat by die sentrum verkoop kan word. ✓✓
Sosiale pilaar: Lede van die Mapulana-stam sal opheffing ervaar indien hul plaaslik vervaardigde kuns en kunsvlyt deur besoekers gekoop word. ✓✓ (2 x 2) (4)

8.3 Die bou van die lugbrug sal ʼn daktuin, sonpanele en die opgaar van reënwater insluit. ✓✓
Dennehoutboomteerpale van die omliggende plantasies sal vir die bou van die kolomme gebruik word. ✓✓ (2 x 2) (4)

8.4 Daar sal ʼn verbetering/opswaai in die ekonomie van die area rondom die Blyderiviercanyon wees. ✓✓ (2)

8.5 **<u>Besoekers aan die lugbrug moet:</u>**
nie rommelstrooi nie ✓✓
water bespaar ✓✓
- op afgebakende paaie bly
- plaaslike inwoners met respek behandel
- verantwoordelike praktyke wat deur die bestuur voorgestel word, volg (2 x 2) (4)

8.6 ʼn Dakvenster/oop spasie in die dak laat lig deur, wat die noodsaaklikheid van elektriese ligte verminder. ✓✓
- Die boom in die middel van die gebou is behou om suurstofvlakke in die gebou hoog te hou. (2)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTESORG

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 192 lande het aan Ekspo 2020 deelgeneem. ✓✓
- Die geleentheid het wêreldwye blootstelling/publisiteit ontvang voor, tydens en na die geleentheid.
- Ekspo 2020 het afgevaardigdes en besoekers van regoor die wêreld gelok. (2)

9.1.2 Die helfte van die energie wat deur Ekspo 2020 gebruik word, het van hernubare bronne gekom. ✓✓
85% van alle afval wat deur Ekspo 2020 gegenereer is, is verminder, hergebruik, herwin en heraangewend deur afval in alles van kunsmis tot T-hemp-aandenkings te verander. ✓✓
- Meer as 80% van Ekspo 2020 se beboude omgewing is behou om Distrik 2020 te skep. (2 x 2) (4)

9.1.3 Duisende werksgeleenthede is tydens die voor-Ekspo 2020-fase geskep om die terrein voor te berei en te bou en om die infrastruktuur te ontwikkel. ✓✓
Sakegeleenthede vir KMO-eienaars het tot verhoogde besteding gelei, wat die ekonomie ŉ hupstoot gegee het. ✓✓
Verhoogde winste vir gasvryheid- en toerisme-ondernemings as gevolg van die besteding deur plaaslike en internasionale besoekers. ✓✓
- Beleggingsgeleenthede is geskep.
- Verhoogde besteding deur werknemers van besighede wat direk en indirek uit Ekspo 2020 voordeel getrek het.
- Verhoogde inkomste en besteding het ŉ positiewe uitwerking op BBP-groei gehad.
- Internasionale en plaaslike besighede het na Distrik 2020 verskuif tydens die post-Ekspo erfenisfase. (3 x 2) (6)

9.2 9.2.1 (a) Suid-Afrika het geen toeriste-aankomste ontvang nie. ✓✓ (2)

(b) Die regering het volle inperkingsvlak 5 geïmplementeer. ✓✓
- Al Suid-Afrika se grense is tydens die inperking gesluit.
- Internasionale en binnelandse passasiersvlugte is verbied, behalwe vir vlugte wat deur die Ministerie van Vervoer gemagtig is, vir die ontruiming van Suid-Afrikaanse burgers in die buiteland, en vir sekere repatriasies.
- Mense kon nie in, uit of binne die land reis nie. (2)

9.2.2 (a) Toeristeaankomste was aansienlik laer in 2020 as in 2019. ✓✓ (2)

(b) Januarie ✓
Februarie ✓ (2 x 1) (2)
**[20]**

**VRAAG 10**

10.1 Slimfoon ✓✓
- Selfoon
- Tablet (2)

10.2 Kliënte word versoek om Ubuntu Burger Hut se Ubuntu Burger te evalueer deur die QR-kode op die voedselverpakking te skandeer. ✓✓
- Die woorde, "Hoe het jy van die Ubuntu Burger gehou?" verskyn op die voedselverpakking.
- Die woorde, "Beoordeel ons" verskyn onder die QR-kode op die voedselverpakking. (2)

10.3 QR-kodes stel die onderneming in staat om terugvoer van kliënte in te samel sonder om hulle te nader. ✓✓
QR-kodes meet onmiddellik kliëntetevredenheid, so na as moontlik aan die kliënt-ervaring. ✓✓
QR-kodes is gebruikersvriendelik. ✓✓
- Minder tyd sal bestee word om kliënte se data te kry.
- Dit is makliker en vinniger om terugvoer van kliënte te kry.
- Stel die onderneming in staat om terugvoer van bestaande en nuwe kliënte te kry.
- Dit maak voorsiening vir meer akkurate terugvoer van kliënte omdat kliënte hul terugvoer vinnig en maklik kan verskaf sonder veel moeite.
- QR-kodes maak voorsiening vir die insameling van terugvoer sonder kliënte se kontakbesonderhede. (2 x 3) (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou